**Die heerlikheid van die vleesgeworde Woord (OP204)**

**Joh 1:6-18**

**19 Januarie 2025**

Laasweek het ons begin om die evangelie volgens Johannes te bestudeer. Ons het gesien dat Johannes se doel met die boek is om ons as sy lesers te oortuig dat die Here Jesus die Christus, d.i. die gesalfde Priesterkoning is, en ook dat Hy die Seun van God is. Dit moet daartoe lei om ons te oortuig dat ons deur geloof in Hom lewe kan ontvang. Ons het ook gekyk na die eerste gedeelte van die proloog in Joh 1:1-5. Hieruit het dit duidelik geword dat die Here Jesus die Woord van God is, waardeur God Homself openbaar. Boonop was Jesus nie alreeds in die begin net by God nie, nee, Hy was ook toe alreeds self God. Hy is die Een deur wie God alles geskep het. Hy is ook die bron van lewe – fisiese en ewige lewe, en Hy is ook die bron van ware Lig, wat nie uitgedoof kan word nie.

Vandag wil ek na die res van die proloog kyk, d.w.s. Joh 1:6-18. Soos wat ons sopas opgesom het, het Johannes in verse 1-5 groot dinge oor die Here Jesus gesê. Die vraag is egter: Hoe het dit gebeur dat die Here Jesus, wat in die begin by God was en self God was, die Lig geword het, die bron van ewige lewe geword het, die besondere openbaring van God aan die mensdom geword het? In die res van die proloog beskryf Johannes opsommend hoe dit alles gebeur het, terwyl die res van die Johannes-evangelie dit in meer detail beskryf. Ek wil die res van die proloog beskryf onder die volgende vier punte: (1) Die rol van Johannes die Doper (Joh 1:6-8, 15), (2) Die effek van die koms van die Lig (Joh 1:9-13), (3) Die heerlikheid van die vleesgeworde Woord (Joh 1:14), en (4) Jesus is dié openbaring van God (Joh 1:16-18).

<u>Die rol van Johannes die Doper (Joh 1:6-8, 15)</u>

Lees Joh 1:6-8. Ons lees hier van ‘n man wie se naam Johannes was. Hierdie Johannes was natuurlik nie die apostel Johannes wat hierdie evangelie geskryf het nie – nee, dit is ‘n ander Johannes, dit is Johannes die Doper. Dit is opvallend dat net Johannes in sy evangelie Johannes die Doper net Johannes noem – aldrie die ander evangeliste noem hom Johannes die Doper. Soos ons laasweek gesien het, noem Johannes nooit in sy evangelie sy eie naam Johannes nie. Kommentatore reken ons kan dit soos volg verstaan: Ons moet raaksien daar is 2 Johannesse wat ‘n rol gespeel het tydens Jesus se lewe op aarde: Johannes, die apostel en skrywer van die Johannes-evangelie, en Johannes die Doper. Die sinoptiese evangelies onderskei die twee Johannesse van mekaar deur na Johannes die Doper te verwys as Johannes die Doper. Maar die evangelie-skrywende Johannes noem nooit sy eie naam in die Johannes-evangelie nie, en daarom hoef hy nie Johannes die Doper van homself te onderskei nie, daarom noem hy Johannes die Doper net Johannes.

Ons lees in vers 6 Johannes die Doper was ‘n man, en hy was deur God gestuur. Vers 7 beskryf vir ons die rede waarom Johannes die Doper deur God gestuur is: Hy moes oor die lig getuig, sodat almal deur sy getuienis oor die lig tot geloof kon kom. Johannes die Doper was dus ‘n profeet – soos talle Ou Testamentiese profete wat voor hom opgetree het – dink maar aan Moses, Jesaja, Jeremia en baie ander. Soos hulle, was Johannes ‘n man, ‘n mens. Soos hulle was Johannes deur God gestuur – met ‘n boodskap.

Johannes die Doper was as’t ware die laaste Ou Testamentiese profeet. Dink maar aan die inhoud van baie van die boodskappe van die Ou Testamentiese profete: Hulle het vooruit gekyk na die koms van die Verlosser, na die koms van die Christus, die gesalfde Priesterkoning wat sou kom in die nuwe verbond. Johannes was egter die laaste een – hy het opgetree kort voor die vervulling van hierdie profesieë – trouens Jesus het alreeds mens geword teen die tyd dat Johannes opgetree het – dink

maar net aan Maria wat Elisabet besoek het toe hulle beide swanger was – Maria met Jesus, en Elisabet met Johannes die Doper. Johannes was dus 'n tydgenoot van Jesus, maar al vier die evangelies maak dit duidelik dat Johannes opgetree het voordat Jesus se openbare optrede begin het. Johannes was die laaste profeet wat moes getuig: die Lig kom, voor Jesus as die Lig gekom het. Lees vers 29. Johannes het die verantwoordelikheid en die voorreg gehad om nie net 'n profesie te kon gee dat die Verlosser gaan kom nie – hy kon fisies na Jesus wys en getuig: "Kyk die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"

Johannes was baie gesteld daarop dat hy nie self die Lig was nie, nee, hy getuig maar net van die Lig (v8). Lees vers 15. Johannes was net so gesteld daarop dat al het hy opgetree voor Jesus opgetree het, beteken dit nie hy is Jesus se meerdere nie – onthou destyds is ouer individue, of die wat eerste optree, gesien as meerderes. Nee, Johannes het spesifiek uitgewys: al het hy voor Jesus opgetree, was Jesus voor hom, Jesus was/is eerste. Enersyds is Jesus natuurlik ouer as Johannes – immers was Jesus al van ewigheid af. Andersyds, is dit natuurlik so dat Jesus Johannes ver oorskadu in terme van belangrikheid – immers is Jesus God, Skepper, Lig en Lewe, terwyl Johannes maar net 'n skepsel is wat oor Jesus getuig.

Maar nou kan ons vra, hoekom lê al vier die evangelies klem op Johannes die Doper se optrede? Omdat dit wat op die punt was om te gebeur, iets was wat menslik gesproke ondenkbaar was. Ja, die koms van die Verlosser was herhaalde male aangekondig in die Ou Testament. Maar dat God se Seun mens geword het om as Verlosser te kom, was eenvoudig ondenkbaar. Boonop: dit sou so maklik kon gebeur dat Jesus maar net as nog 'n mens gesien sou word. Maar Johannes die Doper kom as laaste profeet, en hy kan na Jesus wys , en sê: Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.

<u>Die effek van die koms van die Lig (Joh 1:9-13)</u>

Lees Joh 1:9. Om vers 9-13 behoorlik te begryp, moet ons vers 9 behoorlik oordink. Kom ons kyk na die dele van die vers:

- Die ware lig: Ons het al verlede week hieraan geraak. Jesus, is as Skepper die bron van fisiese lig. Maar Johannes het nou meer in gedagte: hy verwys na Jesus as die ware Lig, d.w.s. Hy is dié Lig, die "genuine" Lig, wat werklik lewe kan gee, ewige lewe kan gee. Dink aan die manna in die woestyn – dit was werklike, fisiese brood uit die hemel wat fisiese lewe kon gee. Maar Jesus is die wáre brood, wat ewige lewe kan gee. Netso is Jesus die wáre Lig wat ewige lewe kan gee.
- Was aan die kom na die wêreld: Die vraag is: Wat beteken dit dat Jesus, as die ware lig, aan die kom was na die wêreld? Beteken dit dat Jesus op pad was om te kom en deel te word van die fisiese skepping? Bedoel Johannes hier dat Jesus op pad was om mens te word en sodoende deel te word van die fisiese skepping? Wat bedoel Johannes met die woord "wêreld"? Is "wêreld" die fisiese skepping? Don Carson verwys hierna en sê Johannes gebruik tipies die woord "wêreld" met 'n ander betekenis as die fisiese skepping. Johannes bedoel tipies met "wêreld" die sondegevalle mensdom wat in opstand rebelleer teen hulle Skepper. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde:
    - Joh 1:10 – ... die wêreld het Hom (Jesus) nie erken nie...
    - Joh 7:7 – Die wêreld kan julle (Jesus se ongelowige broers) nie haat nie, maar hy haat My (Jesus).
    - Joh 14:17 – Hy is die Gees van die waarheid (Heilige Gees), wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat die wêreld hom nie sien nie en ook nie ken nie.

    - Joh 15:18 – As die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My (Jesus) voor julle gehaat het.

  Ek glo dit is duidelik: Johannes gebruik die woord "wêreld" met die betekenis dat dit verwys na die sondegevalle, verlore mensdom. Dit is na hierdie sondegevalle mensdom wat die ware Lig kom.

- Elke mens verlig: Ons lees dat die ware Lig (dit is Jesus) wat aan die kom was na die wêreld (dit is die sondegevalle mensdom) verlig elke mens. Die vraag is: Wat beteken dit as Jesus na die sondegevalle mensdom kom om <u>elke mens te verlig</u>?
    - Beteken dit letterlik elke mens, sonder enige uitsondering, letterlik elke mens wat deel is van die sondegevalle mensdom, word deur Jesus verlig? Ek glo ons sal saamstem: As dit die betekenis is, kan "verlig" hoogstens 'n baie beperkte betekenis hê: dit kan hoogstens wees dat almal algemene openbaring van Jesus ontvang. Dink byvoorbeeld aan die algemene openbaring wat alle mense ontvang het oor God en sy eienskappe waarvan Paulus in Rom 1:19 skryf. Is dit wat Johannes hier bedoel?
    - Beteken die "elke mens" dalk: nie elke mens sonder uitsondering nie, maar eerder elke mens sonder onderskeid? Byvoorbeeld: Beteken dit dat mense verlig word sonder om enigsens onderskeid te maak of iemand 'n Jood of 'n Griek is, 'n man of 'n vrou is, 'n volwassene of 'n kind is? Beteken dit dat mense van elke klassifisering waaraan jy kan dink, verlig word?

Weereens dink ek Don Carson is reg as hy sê Johannes bedoel waarskynlik nie een van die twee nie. Carson redeneer ons moet anders dink oor wat die term "verlig" beteken. "Verlig" beteken om sigbaar te maak. Die Lig wat aan die kom is maak aan alle mense iets sigbaar. Die Lig konfronteer letterlik elke mens. Waarmee die Lig elke mens konfronteer, is dat elke mens moet besluit of hy in die Lig gaan glo, of nie. Die "verligting" is dus die konfrontasie van elke persoon wat moet besluit of hy die Lig gaan glo of nie. En ek glo die opvolgende verse bevestig dat dit is wat Johannes bedoel:

Lees Joh 1:10-11. Vers 10-11 beskryf vir ons een moontlike reaksie op die konfrontasie deur die koms van die Lig. Jesus kom na die wêreld, na die sondegevalle mensdom, Hy is nou in hulle midde en Hy is daar as die Lig. Onthou, Hy is die Skepper van alles – Hy is selfs die Skepper van elke mens wat deel is van die sondegevalle mensdom, trouens Hy is selfs die Skepper van die duiwel. Maar, al kom Hy na hulle toe, al is Hy in hulle midde, al skyn Sy lig in hulle midde – hulle erken Hom nie. Vers 11 is selfs nog meer tragies: Jesus het nie net na die gevalle mensdom in die algemeen gekom nie, Hy het ook in besonder na die wat Syne was, na Sy eie mense gekom – d.w.s. Hy het ook in besonder na Sy uitverkore volk gekom, na die Jode gekom – hulle onder wie die profete so gereeld opgetree het, hulle onder wie Johannes die Doper opgetree het. 'n Mens sou verwag hulle kon darem die koms van die Lig raaksien – maar selfs hulle het Hom nie aanvaar nie. Dit is 'n donker prentjie: Nie net word Jesus in die algemeen nie erken deur die sondegevalle mensdom nie, selfs die uitverkore volk met al die openbarings wat hulle van God ontvang het, erken nie die koms van die ware lig nie.

Lees Joh 1:12-13. Vers 12 begin met daardie eenvoudige woord wat so dikwels in die Bybel 'n kosbare betekenis het: Maar! Ten spyte van die oorgrote meerderheid van die mensdom wat Hom nie erken nie, ten spyte van selfs Sy uitverkore volk wat Hom nie erken nie, is daar tog mense wat Hom aanvaar het, is daar tog mense wat in Sy Naam geglo het! Wat nog heerliker is, is dat Hy, die Lig, aan hierdie mense die reg gegee het om kinders van God te word. Onthou wie is die Lig: Hy is die Seun van God! Onthou wie is die mense: Hulle is deel van die wêreld, die sondegevalle mensdom. Maar, hulle ontvang die reg om kinders te word van God. Die Lig is die Seun van God, en hulle word kinders van God! En nog meer verstommend: Hulle word <u>regtens</u> kinders! Hulle word met reg

kinders! Daar is ‘n regsbasis waarvolgens hulle kinders kan wees. Natuurlik word dit nie hier in detail uitgespel nie, maar ons weet hulle word kinders omdat Jesus, die Lig, vir hulle geregtigheid bewerk het deur Sy werk as die Gesalfde, die Messias.

Maar, sou jy nou kon vra: Wie is hierdie mense? Uit ver 11 blyk dit hulle is nie noodwendig die Ou Testamentiese uitverkore volk nie. Vers 13 beskryf wie hulle is: Hulle is nie uit bloed gebore nie, hulle is nie uit liggaamlike drang gebore nie, hulle is nie uit die wil van ‘n man gebore nie – m.a.w. hulle is nie van ‘n spesifieke fisiese afstamming nie. Dit is dus definitief nie nodig dat hulle deel van die uitverkore volk Israel hoef te wees nie. Nee, wat wel nodig is, is dat hulle uit God gebore moet wees. Hulle moet wedergebore wees deur die Gees. Onthou hoe ons in die nuwe verbond gesien het, mense wat deel is van die nuwe verbond, sal nuwe harte van die Heilige Gees ontvang – hulle sal wedergebore wees, onafhanklik van hulle fisiese herkoms. Kan ek opsom: As jy vers 12 en 13 lees, sien jy hierdie mense aanvaar Jesus, hulle glo in Hom, hulle word geregverdig, hulle word kinders van God, hulle is wedergebore. Hierdie mense deel in al hierdie waarhede. Hulle erken die Lig.

<u>Die heerlikheid van die vleesgeworde Woord (Joh 1:14)</u>

Lees Joh 1:14. Hier het ons dit konkreet, reguit en duidelik: Die Woord het vlees geword. Die Woord, wat in die begin al by God was, wat in die begin al God was, deur wie God alles geskep het, wat die bron van Lig en Lewe is – Hy het vlees geword, Hy het mens geword. God het mens geword. Dit is eenvoudig menslik gesproke ondenkbaar. Dit is omdat dit so ondenkbaar is, dat die Here dit oor die loop van eeue aangekondig het. Dit is omdat dit so ondenkbaar is, dat die Here Johannes die Doper gestuur het om, nadat die Woord vlees geword het, na Hom fisies kon wys en sê: Dit is Hy!

Maar vers 14 leer ons nog meer: Hy het onder ons kom woon. Letterlik staan daar: Hy het onder ons kom tabernakel. Dit moet ons natuurlik direk laat terugdink aan die Ou Testamentiese tabernakel wat die volk as deel van die Sinaiverbond moes oprig. Ek wil jou herinner aan ons bestudering van die tabernakel as deel van daardie verbond: Enersyds was die tabernakel die woonplek van die Here onder die volk. Andersyds was die tabernakel ‘n skadu van die verlossingspad wat die Here met gelowiges loop. Jesus was afgebeeld in elke stuk meublement in die tabernakel. Ons moet dit alles in gedagte hou as ons lees: Die Woord het onder ons kom tabernakel – Jesus is nou die tabernakel, Jesus is nou die woonplek van die Here in ons midde, Jesus is nou die vervulling van die simboliek van die destydse tabernakel.

Maar daar is meer: Vers 14 voeg by ons het boonop ook Sy heerlikheid gesien. Hierdie heerlikheid is soos die heerlikheid van die unieke Seun van die Vader, d.w.s. dit is die heerlikheid van die een en enigste Seun van die Vader. Om die aangrypende betekenis hiervan te verstaan, is daar twee Ou Testamentiese gebeure wat ons in gedagte moet hou:

- Onthou hoe die heerlikheid van God die tabernakel gevul het nadat die volk dit gebou het. Onthou ook hoe die heerlikheid van God Salomo se tempel gevul het nadat hy dit voltooi het. Nou kom Jesus en tabernakel by ons – Hy is nou die tabernakel. En soos wat die tabernakel met die heerlikheid van God gevul is, so val Jesus se “tabernakel word”, saam met ‘n aanskouing van Sy heerlikheid. Wat beteken dit?
- Daar is nog ‘n Ou Testamentiese gebeurtenis wat ons moet onthou: Lees Eks 33:18. Moses het gevra die Here moet asseblief aan hom Sy heerlikheid toon. Lees Eks 33:19. Die antwoord van die Here was Hy sal dit doen. Wat Hy gaan doen, is Hy gaan aan Moses Sy goedheid wys, Hy sal Sy Naam “Here” (d.i. Verbondsgod) uitroep, en boonop is Hy genadig oor wie Hy wil, en ontferm Hy Hom oor wie Hy wil. Sien jy die punt? Moses vra om die

heerlikheid van die Here te sien. En die Here antwoord Hy sal Sy goedheid wys, Hy sal Sy Verbondsnaam uitroep, Hy sal genadig en ontfermend wees oor wie Hy wil. Die punt is: die heerlikheid van God word sigbaar in Sy goedheid, in Sy verbond, in Sy genade en ontferming. Lees Eks 34:6-7. Hier gebeur waarvoor Moses gevra het – die Here wys Sy heerlikheid aan Moses. Hoe lyk dit? Die Here roep uit: Die Here, die Here (die Verbondsgod). Die Here sê: Hy is barmhartig, genadig, geduldig, oorvloedig in troue liefde en waarheid, Hy vergewe skuld en oortreding en sonde, maar Hy laat ook nie sonde ongestraf nie. Wil jy die heerlikheid van die Here sien? Gaan kyk na Sy verbonde – veral die nuwe verbond. Gaan kyk na Sy barmhartigheid, genade, geduld, troue liefde, waarheid, sonde vergifnis, maar ook straf oor sonde. Dit alles demonstreer die heerlikheid van die Here.

Kom ons gaan terug na Joh 1:14. Johannes sê: Ons (die dissipels en die gelowiges van destyds) het die heerlikheid van die Seun gesien, dit was juis die heerlikheid van die enige Seun van die Vader. In Joh 17:22 sê Jesus Hy het die heerlikheid van die Vader kom bekend maak. Ons kan dus sê: die heerlikheid van die Seun is ook die heerlikheid van die Vader, en daarom dit is ook die heerlikheid wat Moses destyds gesien het. Johannes sê hierdie heerlikheid is vol genade en waarheid – stem dit nie ooreen met wat die Here destyds aan Moses bekend gemaak het nie? Is Jesus se leer en Sy lewe nie juis 'n openbaring van die Here se barmhartigheid, Sy genade, Sy geduld, Sy troue liefde nie? Is dit nie juis deur Hom wat die Here sondevergifnis bewerk nie? Is dit nie juis deur Hom wat die Here ook sonde gaan straf nie? Is Jesus nie juis die vervulling van die inhoud van die verbonde nie? Is Jesus nie juis die waarheid nie? Johannes se punt is: Wil jy die heerlikheid van die Here sien? Wel, dit is nêrens so sigbaar as in die lewe van die Here Jesus nie. Voorwaar, die Here Jesus is die Woord, deur wie God Homself in die besonder openbaar.

<u>Jesus is die openbaring van God (Joh 1:16-18)</u>

Lees Joh 1:16-18. Hier lees ons uit Jesus se volheid het ons almal genade ontvang. Die "ons" waarvan hier sprake is, is sekerlik die wedergeborenes, die gelowiges. Al die gelowiges het genade ontvang – en let op: hulle het dit ontvang uit Jesus se volheid. Watter volheid van Jesus het Johannes hier in gedagte? Tog sekerlik die volheid waarvan vers 14 gepraat het: Jesus se heerlikheid is vol genade en waarheid. Gelowiges ontvang genade uit die volheid van die Here Jesus se genade en waarheid. Jesus se genade is tog die genade van die Here self, en die waarheid van die Here Jesus is die waarheid wat eeue lank voorspel is in al die profesieë, naamlik dat die Christus sal kom. Wel in God se genade het die waarheid gekom in die Persoon van die Here Jesus, en elke gelowige ontvang genade uit die volheid van die genade en waarheid waarvan die Here Jesus getuig.

Maar, let nou op: Gelowiges ontvang nie net genade nie – hulle ontvang genade op genade! Wat beteken dit? Beteken dit dat gelowiges elke dag maar weer nog genade ontvang? Beteken dit dat gelowiges met verloop van tyd al hoe meer genade ontvang? Dit hou net nooit op nie – telkens ontvang hulle maar net weer genade – die genade stapel eenvoudig net op. Alhoewel daar waarheid in is dat gelowiges wel elke keer opnuut weer genade van die Here ontvang, is dit waarskynlik nie wat Johannes, en dus die Heilige Gees, hier bedoel nie. Don Carson skryf hieroor en redeneer "genade op genade" moet eerder vertaal word met "genade in plaas van genade". Dus: Uit die volheid van die Here Jesus ontvang gelowiges genade in plaas van genade. Wat beteken dit?

Wel, vers 17 help ons om dit te verstaan: Volgens vers 17 is die wet deur Moses gegee, terwyl die genade en die waarheid deur Jesus Christus gekom het. Ons is baie geneig om in hierdie vers 'n teenstrydigheid te lees: Moses staan teenoor Jesus Christus, en die wet staan teenoor genade en waarheid. Ons is geneig om te dink die wet is deur Moses gegee, maar in teenstelling daarmee, het

die genade en waarheid deur Jesus Christus gekom – so al asof die genade en waarheid die wet opgehef het. Daar is egter taalkundig niks wat vereis dat ons hier 'n beskrywing van 'n teenstrydigheid het nie. Let verder daarop: vers 17 begin met: "Want" – vers 17 is dus die motivering vir vers 16. Kom ons lees weer verse 16-17: Uit Jesus se volheid het ons almal (d.i. die gelowiges) genade ontvang – ja, genade <u>in plaas van</u> genade – <u>want</u> die wet is deur Moses gegee, die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

Kom ons dink nou weer aan ons studie van die verskillende verbonde oor die laaste paar maande: Ons weet die wet van die Here is gegee as deel van die Sinaiverbond. Maar die Sinaiverbond het meer inhoud gehad as net die wet – dit het ook die tabernakeldiens ingesluit, asook die voorskrifte vir die offerdiens. Saam met die wet het die Here ook verduidelik hoe die volk van hulle sondeskuld ontslae kan raak as hulle wel die wet sou oortree – dit is deur die offerdiens. En saam met die wet het die Here ook die tabernakeldiens gegee, wat 'n afbeelding is van die pad waarvolgens gelowiges gered kan word. Al word daar dikwels geredeneer die Sinaiverbond was 'n werksverbond, is dit eenvoudig nie waar nie. So 'n siening kyk hierdie genade-handelinge van die Here mis. Ek het baie keer baie klem daarop gelê die Sinaiverbond was 'n genadeverbond. Uit ons bestudering van die nuwe verbond het ons gesien die nuwe verbond vervang die Sinaiverbond. Die nuwe verbond is ook 'n genadeverbond. In die nuwe verbond is Jesus die vervulling van die Sinaiverbond-offers, en Hy is ook die vervulling van die tabernakel. Hy is die waarheid waarheen al hierdie Ou Testamentiese skadu's gewys het. Die nuwe verbond staan nie teenoor die Sinaiverbond nie – nee, die nuwe verbond is die vervulling van die Sinaiverbond. Die nuwe verbond bou voort op die Sinaiverbond. Hou dit nou in gedagte. Kom ons lees weer vers 16-17: Uit Jesus se volheid ontvang gelowiges almal genade – ja, genade in plaas van genade – want die wet wat deur Moses gegee is (d.w.s. die bepalings van die Sinaiverbond rakende die offers en die tabernakel) is vervang met die genade en die waarheid wat deur Jesus Christus gekom het (in die nuwe verbond toe Hy die vervulling geword het, dit is: die waarheid geword het, van daardie skadubeelde in die Sinaiverbond). Opsommend: genade in plaas van genade in vers 16, verwys na die nuwe verbond (wat 'n genadeverbond is) wat in die plek van die Sinaiverbond gekom het (wat ook 'n genadeverbond was)

En dan sluit Johannes sy proloog af met vers 18. Lees dit. Die vers begin met die stelling dat niemand nog ooit God gesien het nie. Dit strook met Eks 33:20 waar die Here vir Moses gesê het niemand kan die Here sien en bly leef nie. In 'n sekere sin sou ons wou sê die mens wat nog die meeste van God gesien het, was Moses toe hy destyds darem die Here van agter gesien het. Maar Johannes redeneer anders: Ja, niemand het God nog ooit gesien nie. Maar die Here Jesus, die unieke Seun van God, die Een en Enige Seun van God, wat self God is van die begin af, wat in die begin by God was, wat in die begin al belyn was met wat God doen, wat so vertroud met die Here God is dat Hy selfs die Woord van God genoem word – ons sou kon sê die Here Jesus is teen die bors van die Vader – hierdie Here Jesus het God kom bekend maak. Soos wat ons vroeër gesien het, Jesus het in heerlikheid gekom – maar Sy heerlikheid is ook die heerlikheid van die Vader. En hierdie heerlikheid van God word juis sigbaar in die goedheid van die Here, en die goedheid van die Here word juis sigbaar in die Persoon en die werk van die Here Jesus – en daarom is Jesus juis die Een wat God aan ons kom bekend maak.

<u>Opsomming</u>

Die proloog van die Johannes evangelie is 'n aangrypende gedeelte. Johannes begin reg aan die begin, en sê toe was die Here Jesus al by God, en toe was Hy al God. Toe was Hy al onderskeibaar van God, maar toe was Hy ook al belyn met God – die verhouding tussen Hom en God was toe al so intiem dat Hy die Woord van God was, en die Woord van God was altyd nog in lyn met God se dade. Maar al was die Here so hoog en verhewe al van die begin af, nogtans het Hy vlees geword. Dit is so ondenkbaar dat die Here dit oor eeue deur profete aangekondig het, en met Jesus se menswording

het die Here ‘n laaste profeet gestuur om te bevestig: Dit is Hy – God wat mens geword het. Maar, al het die oorgrote deel van die mensdom Hom nie erken nie, selfs al het die Here se Ou Testamentiese uitverkore volk Hom nie erken nie – was Jesus nogtans die bron van lig en lewe vir almal wat in Hom glo, dit is vir die mense wat wedergebore is, ongeag hulle fisiese afkoms. Hy het in heerlikheid gekom, en hierdie heerlikheid het Hy ten toon gestel deur Sy woorde en dade – hierdeur het Hy genade en liefde bewys aan die gelowiges, maar ook oordeel oor die ongelowiges. Hierdie heerlikheid wat Hy so ten toon gestel het, is ook die heerlikheid van God – en so het Hy God aan ons kom bekend maak, al het ons God nog nooit gesien nie. Sien jy hoe die inhoud van die proloog Johannes se doel met die evangelie ondersteun: Hy wil sy lesers oortuig Jesus is die Christus en Jesus is die Seun van God, sodat hulle in Hom kan glo en die lewe ontvang. Die proloog ondersteun hierdie doel, en die res van die boek sal dit in meer detail uitwerk.

Kom ons verdiep ons oor die loop van die volgende maande in die werk van die Here Jesus, sodat ons Sy heerlikheid kan sien, en daarmee saam ook die heerlikheid van God.